AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Hoër Sertifikaat Rekeningkunde

NKR-vlak 5 | 130 krediete | SAQA ID: 86487

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

*Die **Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde** bemagtig die student om rekeningkundige praktyk te verstaan en om basiese rekeningkundige funksies suksesvol te kan uitvoer. Kennis van rekeningkundige praktyk stel studente in staat om 'n teoretiese en praktiese begrip te ontwikkel van die konteks en gepaardgaande strategieë wat relevant is vir eenvoudige finansiële en kosteberekeningsprosesse en die gepaardgaande omgewing.*

Toelatingsvereistes

Umalusi-gesertifiseerde Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) wat hoër sertifikaat-toelating soos volg spesifiseer:

- Minstens 30% in die onderrigtaal van Akademia
- OF 'n vlak-4 beroepsgerigte NSS gesertifiseer deur Umalusi met minstens 30% in die onderrigtaal EN toepaslike skoolvakke.

Tydsduur van program

Die program kan in 'n minimum van een jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is drie jaar.

Kontaksessies (na-ure)

Kontaksessies en e-leer-tutoriale is verpligtend en word by studiesentrums aangebied soos in die Belangrike Datums 2019-dokument vervat.

Studente woon deur die loop van die jaar elf kontaksessies by die studiesentrum van hulle keuse by, en moet ook elf e-leer-tutoriale op die studenteportaal (die Spens) voltooi.

Die deelname aan tutoriale word gemonitor en maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Assessering

Formatiewe assessering

Deurlopende assessering – 40% van finale punt

- Twee werkopdragte per module: hierdie twee werkopdrag-punte word gebruik in die berekening van die jaarpunt wat eksamentoelating bepaal.
- Twee toetse per module: hierdie twee toetspunte word gebruik in die berekening van die jaarpunt wat eksamen-toelating bepaal.

'n Minimum jaarpunt van 40% moet behaal word vir eksamen-toelating.

Summatiewe assessering

Samevattende finale assessering – 60% van finale punt

Daar word twee eksamens (halfjaar en eindjaar) per module geskryf.

Programkoste

Studente kan vir 'n minimum van drie modules inskryf, waarvan een 'n hoofmodule moet wees

Modules	Kode	Krediete	Koste
Finansiële Rekeningkunde*	FAC105	20	R3 040
Ouditkunde	AUD105	10	R3 040
Sakeberekeninge	BCL105	20	R3 040
Bedryfsinligtingstelsels	BIS105	10	R3 040
Kosterekeningkunde	CAC105	20	R3 040
Korporatiewe Bestuur, Sakereg en Etiek	CGL105	20	R3 040
Ekonomie	ECN105	20	R3 040
Belasting	TAX105	10	R3 040
**Hoofmodules van program*		**130**	**R24 320**

Aansoekgelde

Nie terugbetaalbaar of ingesluit by programkoste nie.

Nuwe aansoeke (voornemende studente)	R250
Laat herregistrasie (huidige studente)	R500

Vir meer inligting skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos aan navrae@akademia.ac.za